

Die Seun is verhewe bo die engele (II)

Heb 1:7-9

6 Februarie 2022

1. Laasweek: Die Seun is verhewe bo die engele – Hy het 'n heerliker Naam, Hy is deur God verwek in Maria as mens, Hy is die Eersgeborene wat deur die engele aanbid sal word.
2. Engele is stormwinde en vuurvlamme (Heb 1:7)
 - a. Aanhaling uit Ps 104:4 – binne konteks van die skepping
 - b. Hy maak Sy engele...: Maak – engele is skepsels, “Sy” – engele is God se eiendom (vgl Ps 103:20-21)
 - c. Stormwinde:
 - i. Wind kan “gees” beteken – engele is geestelike wesens
 - ii. Wind is onsigbaar, kragtig, vinnig – soos die engele
 - d. Vuurvlamme:
 - i. Betrokke by oordeel (Gen 19:13, Mat 13:41-42)
 - ii. Voorkoms helder, vreesaanjaend (Mat 28:3-4, Op 19:10)
3. Seun is ewige Koning van geregtigheid (Heb 1:8-9)
 - a. Aanhaling uit Ps 45:7-8 – beskrywing van die Messias Koning
 - b. God sê die Seun is God en Koning (vers 8a)
 - c. Seun is Koning vir ewig (vers 8a, Dan 7:13-14, Luk 1:32-33, Op 22:1, vgl ook 1 Kor 15:24)
 - d. Septer van die koninkryk is regverdige septer (vers 8b)
 - i. Seun heers regverdig (vgl Gen 18:25b, Jer 23:5)
 - e. Seun het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat (vers 9a)
 - i. Geregtigheid lief gehad – Joh 17:4, Joh 4:34, Luk 2:49, Mat 3:15, Mat 4:4, Fil 2:8)
 - ii. Ongeregtigheid gehaat – Mat 4:10, Joh 2:16
 - iii. Steeds die beginsel waarvolgens Seun heers (Joh 14:21, Op 2:15)
 - f. Daarom het God die Seun met vreugde gesalf (vers 9b)
 - i. Verwys nie na die Seun se salwing as Koning nie (vgl OAV)
 - ii. Dit was ter wille van hierdie vreugde dat Hy gekom en gely het (Heb 12:2b)
 - iii. Deel vreugde met metgeselle (mense en engele) – al is Hy “bo” hulle
 - g. Seun erken God as Sy God (vers 9b, vgl Mat 27:46; Joh 20:17b)
4. Toepassings
 - a. Drie-Eenheid
 - i. Kompleks, ons kan dit nie behoorlik begryp nie
 - ii. Onderstreep hoe verhewe God bo ons is
 - b. Septer van geregtigheid
 - i. Beginsel waarvolgens die Seun heers, verskil van die beginsels wat ons tyd gebruik:
 - Moet alles verdra, terwyl die Seun ongeregtigheid gehaat het
 - Eis van liefde sluit in dat ongeregtigheid gehaat en hanteer moet word
 - c. Vreugde
 - i. Soos die Seun Sy lyding tegemoet gegaan het ter wille van die vreugde, behoort ons ook ter wille van die vreugde ongeregtigheid teen te staan